# PREEKNOTAS

## Johannes die doper

### Johannes 3:22 - 30 (AFR83)

[22]Hierna het Jesus en sy dissipels na die platteland van Judea toe gegaan. Hulle het 'n rukkie daar gebly en mense
gedoop. [23]Johannes was ook besig om te doop, by Enon naby Salim, waar daar baie water was. Die mense het na
hom toe gekom en is deur hom gedoop. [24]Johannes was nog nie in die tronk gesit nie. [25]Daar het toe tussen Johannes
se volgelinge en 'n Jood 'n woordewisseling ontstaan oor die reiniging. [26]Hulle het na Johannes toe gekom en vir hom
gesê: "Rabbi, Hy wat oorkant die Jordaan by u was, van wie u getuig het, weet u, Hy doop ook, en almal gaan na
Hom toe." [27]Johannes het hulle geantwoord: "Niemand besit enige bevoegdheid om iets te doen as dit nie uit die
hemel aan hom gegee is nie. [28]Julle is self my getuies dat ek gesê het: 'Ek is nie die Christus nie. Ek is maar net voor Hom
uit gestuur.' [29]Die bruidegom is die een aan wie die bruid behoort; maar die vriend van die bruidegom staan en luister
of hy kom en is baie bly wanneer hy die stem van die bruidegom hoor. Daarom is ek nou met blydskap vervul. [30]Hy
moet meer word en ek minder.

*"As we approach God, we begin not as knowers, but as the known. We are named before we name, called before we call, spoken to before we speak. What feels like initiative on our parts turns out to be the response to a prior initiative taken by the one who calls us."* - Brian McLaren, Naked Spirituality